# STUDIEFONDSSENTRUM: AFGESTUDEERDE STUDENTE

2020

**INHOUD**

LYS VAN TABELLE ..... 2
LYS VAN FIGURE ..... 2
1. Inleiding ..... 3
2. Navorsingsmetode ..... 3
3. Resultate ..... 4
3.1 Demografie ..... 4
3.1.1 Geografie ..... 4
3.1.2 Geslag en ouderdom ..... 5
3.1.3 Gesinsamestelling ..... 5
3.1.4 Kwalifikasie ..... 6
3.2 Verblyf en behuising van die studente ..... 6
3.3 Vervoer ..... 7
3.4 Ouers se tersiêre opleiding en posisie ..... 7
3.5 Beroepe en werksaamhede ..... 8
3.6 Studierigtings by instansies, lenings en betrokkenheid ..... 13
3.7 Motivering om te emigreer ..... 15
4. Samevatting ..... 17

## LYS VAN TABELLE

Tabel 1. Beroepe wat die studente beklee ... 8
Tabel 2. Vergelyking van salarisse voor - en na kwalifikasie verwerf ... 11

## LYS VAN FIGURE

Figuur 1. Provinsies waar die studente woon ... 4
Figuur 2. Geslag van die studente ... 5
Figuur 3. Ouderdom van die studente ... 5
Figuur 4. Studente se huwelikstatus ... 5
Figuur 5. Studente se gesinne ... 5
Figuur 6. Studente se kwalifikasies ... 6
Figuur 7. Tipe behuising van die studente ... 6
Figuur 8. Studente se verblyfreëlings ... 6
Figuur 9. Studente se vervoerreëlings ... 7
Figuur 10. Ouers se tersiêre-opleiding ... 7
Figuur 11. Beter posisie as ouers ... 7
Figuur 12. Studente se werksaamhede ... 8
Figuur 13. Studente se beroepe ... 9
Figuur 14. Werk in studierigting ... 9
Figuur 15. Tydperk na studie ’n werk gekry ... 10
Figuur 16. Tydperk na studie al werksaam ... 10
Figuur 17. Studie se voordeel en uitkoms ... 10
Figuur 18. Studie die student finansieel gebaat ... 10
Figuur 19. Maandelikse salaris voor kwalifikasie ... 11
Figuur 20. Maandelikse salaris na afloop van kwalifikasie ... 11
Figuur 21. Wyse waarop die studente hulle werk gekry het ... 12
Figuur 22. Veiligheid in werksposisie tans ... 12
Figuur 23. Instansies waar studente studeer het ... 13
Figuur 24. Persentasie studierigtings van die studente ... 13
Figuur 25. Aansoek om hulp by ander instansies ... 14
Figuur 26. Hulp om ekstra onkoste te dek ... 14
Figuur 27. Die SFS aanbeveel ... 14
Figuur 28. Studielenings afbetaal ... 14
Figuur 29. Betrokkenheid by die SFS ... 15
Figuur 30. Ondersteuning van die Beweging ... 15
Figuur 31. Belangstelling in emigrasie ... 15
Figuur 32. Verandering nodig in SA ... 16
Figuur 33. Trekpleister om te emigreer ... 16
Figuur 34. Trekpleister om in SA te bly ... 16

## 1. Inleiding

Solidariteit Helpende Hand (verder verwys na Helpende Hand) is ’n welsynsorganisasie geskoei op die beginsels van die Helpmekaar-beweging van 1949. Ons fokus is om ’n antwoord op die Afrikaner-armoedekrisis te vind. Ons doen dit deur ons mense se armoede deur middel van verskeie projekte te verlig, te voorkom en te verbreek.

Een van Helpende Hand se grootste fokusareas is die opleiding van ons kinders en jongmense om daardeur te keer dat hulle in die kringloop van armoede beland. Solidariteit Helpende Hand se Studiefondssentrum (verder verwys na SFS) is in 2009 gestig as platform vir donateurs om behoeftige studente te help om deur middel van rentevrye studielenings te kan studeer. Tot op hede is daar byna 7 000 studente met ’n totaal van R203 miljoen gehelp, waarvan meer as 2 000 studente reeds hulle studie voltooi het.

Hierdie verslag bied ’n opsomming en verwerking van data uit die navorsingsvraelys wat aan al die SFS se afgestudeerde studente gestuur is. Hierdie studente behoort reeds hul studie te voltooi het. Die studente se stand van sake, finansiële posisie, hul beroepsloopbaan, werksomgewing en motivering om in Suid-Afrika te bly of om te emigreer is onder andere ondersoek. Die doel van die verslag is om aan ons goedgunstige donateurs insig in hul investering te gee en te bepaal tot watter mate die SFS ’n daadwerklike verskil in hierdie studente se loopbane kon maak.

## 2. Navorsingsmetode

Helpende Hand het ’n vraelys opgestel met 35 vrae wat aan die SFS se afgestudeerde studente wat tussen 2013 en 2018 hul studie suksesvol voltooi het, gestuur is om anoniem te beantwoord. Daar het 480 studente aan die opname deelgeneem. Die vraelys se doel was om ’n klomp nodige inligting vanaf studente te bekom, sodat die rigtinggewende resultate vir die SFS kan help met hul strategie om nog meer studente in Suid-Afrika te help om ’n tersiêre kwalifikasie te bekom.


Die data is met behulp van beskrywende statistiese metodes geanaliseer en word hoofsaaklik deur persentasies in die vorm van grafieke uitgebeeld en beskryf.

# 3. Resultate

## 3.1 Demografie

Die demografie van die studente wat aan die navorsing deelgeneem het, gaan verduidelik word aan die hand van hul geografiese ligging, ouderdom, gesinsamestelling, kwalifikasies en beroepe en dies meer.


### 3.1.1 Geografie





*Figuur 1. Provinsies waar die studente woon*

Die grootste aantal studente wat aan die opname deelgeneem het, woon in Gauteng (52%) en dan in die Wes-Kaap (16%). Ongeveer 6% van die studente woon in die Noordwes Provinsie, die Vrystaat, Mpumalanga of oorsee.

### 3.1.2 Geslag en ouderdom





*Figuur 2. Geslag van die studente*





*Figuur 3. Ouderdom van die studente*

Die afgestudeerde SFS-studente wat aan die opname deelgeneem het, is meestal (53%) vroulik, met die grootste persentasie (46%) van studente tussen die ouderdom van 20 en 25 jaar. 38% van die studente is tussen 26 en 30 jaar oud en 16% van die studente is ouer as 30 jaar.

### 3.1.3 Gesinsamestelling





*Figuur 4. Studente se huwelikstatus*




*Figuur 5. Studente se gesinne*

Dit meerderheid van die deelnemers (66%) is steeds ongetroud en het nog geen kinders (84%) nie. Ongeveer 30% van die deelnemers is getroud, waarvan 13% van die deelnemers een of twee kinders het en slegs 3% van die deelnemers drie of meer kinders het.


### 3.1.4 Kwalifikasie





*Figuur 6. Studente se kwalifikasies*

Die meerderheid van die studente (36%) het na afloop van hul studie 'n Baccalaureusgraad verwerf. 20% van die studente het 'n 'n Honneursgraad onderneem en 13% 'n vakleerlingskap. 10% van die studente het 'n hoër sertifikaat of diploma onderneem of is steeds besig met hulle studie.

## 3.2 Verblyf en behuising van die studente





*Figuur 7. Tipe behuising van die studente*




*Figuur 8. Studente se verblyfreëlings*

Die meeste van die studente woon in 'n huis (45%) of in 'n woonstel (31%). 15% van die studente huur 'n woonstel op 'n eienaar se erf en 9% van die studente woon op 'n plaas of plot. Meer as die helfte van die studente (51%) woon saam met hulle gesin of nog saam met hulle ouers.


### 3.3 Vervoer





*Figuur 9. Studente se vervoerreëlings*

Die meeste studente (85%) is bevoorreg om hulle eie voertuig te besit. Enkele studente gebruik publieke vervoer of deel ’n voertuig (beide 3%), of maak gebruik van ’n motorfiets, gebruik ’n voertuig sonder ’n voertuiglisensie of moet loop na hulle bestemming toe (2%).

### 3.4 Ouers se tersiêre opleiding en posisie





*Figuur 10. Ouers se tersiêre-opleiding*




*Figuur 11. Beter posisie as ouers*

Die meeste van die deelnemers (53%) se ouers het ook ’n tersiêre kwalifikasie. Meer 70% as van die deelnemers is van mening dat hulle in ’n beter finansiële posisie is as wat hulle ouers op dieselfde ouderdom was. Ongeveer ’n kwart van die studente (27%) meen dat hulle ouers in ’n beter finansiële posisie was as wat hulle is.

## 3.5 Beroepe en werksaamhede





*Figuur 12. Studente se werksaamhede*

Die meeste van die studente (73%) is in ’n voltydse beroep. 13% van die studente is in ’n deeltydse beroep en ongeveer 7% van die studente studeer nog of soek steeds ’n werk.


*Tabel 1. Beroepe wat die studente beklee*

| Beroep | Persentasie |
|---|---|
| Onderwys | 26 |
| Ambagsman | 24 |
| Ouditeur | 8 |
| Administrasiebeampte / Bestuurder / Werkloos | 6 |
| Ingenieurswese | 5 |
| Prokureur / Eie besigheid | 4 |
| Tegnikus / Inligtingstegnologie / Media | 3 |
| Personeelbeampte / Verkope / Teologie / Versekering / Dosent / Student | 2 |
| Aanlyn leer / Apteker / Arbeidsterapeut / Argitektuur / Au pair / Bemarking / Boerdery / Data-analis / Dieetkundige / Fisioterapeut / Haarkapster / Industriële veld / Joernalis / Klerk /Kommunikasiepraktisyn / Konsultant / Konstruksie / Maatskaplike werk / Mediese dokter / Oudioloog / Projekbestuurder / Psigometris / Rekenmeester / Skoonheidsterapeut / Tandarts / Veearts / Verpleegkunde / Veiligheid | 1 |
| Bedryfsielkunde / Biokinetikus / Terapeut / Chemikus / Navorsing/ Neuroloog / Oogkunde / Vleisbedryf | 0.5 |





*Figuur 13. Studente se beroepe*

Die grootste groep deelnemers is onderwysers (26%) en ambagsmanne (24%). Die res van die beroepe wissel geweldig, maar bestaan verder meestal uit ouditeure (8%), administrasiebeamptes, bestuurders of is steeds werkloos (elkeen 6%) en dan ingenieurswese (5%), prokureurs of besigheidseienaars (beide 4%). Die res van die betrekkings is slegs enkele persone wat 'n spesifieke beroepe beklee.





*Figuur 14. Werk in studierigting*

Die meeste van die studente (73%) werk tans in die studierigting waarin hulle studeer het.





*Figuur 15. Tydperk na studie ’n werk gekry*





*Figuur 16. Tydperk na studie al werksaam*

Byna die helfte van die studente (44%) was reeds in ’n voltydse beroep voordat hulle studeer het. Byna ’n kwart van die studente (22%) het binne ’n maand nadat hulle hul kwalifikasie verwerf het, ’n werk gekry, en 12% van die studente binne drie maande nadat hulle afstudeer het. Die meeste van die studente (66%) werk al tussen 1 en 5 jaar nadat hulle afstudeer het.





*Figuur 17. Studie se voordeel en uitkoms*





*Figuur 18. Studie die student finansieel gebaat*

Die meeste van die studente (ongeveer 71%) is van mening dat hulle studie hulle gehelp het om ’n werk te kry en om hulle ouers of familie trots te maak, asook dat dit hulle loopbane bevorder het en

hulle meer selfvertroue gegee het. Ongeveer 60% van die studente het aangedui dat hulle ’n beter salaris verdien nadat hulle studeer het en dat die kwalifikasie hulle waardig laat voel. Meer as die helfte van die studente (53%) het aangedui dat hulle studie hulle definitief in ’n beter finansiële posisie geplaas het, en byna ’n kwart van die studente (26%) glo dat die kwalifikasie hulle nog finansieel gaan baat.




*Figuur 19. Maandelikse salaris voor kwalifikasie*




*Figuur 20. Maandelikse salaris na afloop van kwalifikasie*

*Tabel 2. Vergelyking van salarisse voor - en na kwalifikasie verwerf*


| Maandelikse salaris voor studie? | Aantal per maandelikse salaris voor studie | Aantal per maandelikse salaris na studie |
|---|---|---|
| Voorheen 'n skolier | 124 | 0 |
| Voorheen 'n student | 82 | 0 |
| Het nie gewerk nie | 45 | 36 |
| Minder as R 10 000 | 136 | 27 |
| R 10 000 tot R15 000 | 58 | 140 |
| R 15 000 tot R 20 000 | 24 | 134 |
| R 20 000 tot R 25 000 | 6 | 60 |
| R 25 000 tot R 30 000 | 4 | 38 |
| Meer as R30 000 | 1 | 45 |
| Totaal | 480 | 480 |

Die meeste studente wat voorheen skoliere of studente was of minder as R10 000 per maand verdien het (altesaam 71%), verdien na afloop van hulle studie nou tussen R10 000 en R25 000 (altesaam 70%). Verder verdien 17% van die studente nou ’n salaris van meer as R25 000, terwyl daar vroeër slegs 1% van die studente was wat hierdie salaris ontvang het.




*Figuur 21. Wyse waarop die studente hulle werk gekry het*


Die meeste van die studente het aangedui dat hulle gereageer het op 'n advertensiebetrekking (29%) vir 'n pos of hulle is deur familie/vriende (24%) vir die pos verwys. 16% van die studente het deur 'n internskap hulle huidige betrekking gekry en 10% het aangedui dat 'n personeelagentskap hulle vir die betrekking genader het.





*Figuur 22. Veiligheid in werksposisie tans*

Die meeste van die studente (69%) voel gemaklik en gerus in hulle huidige werksposisie, terwyl byna 30% van die studente kommer en onsekerheid ervaar.

### 3.6 Studierigtings by instansies, lenings en betrokkenheid





*Figuur 23. Instansies waar studente studeer het*





*Figuur 24. Persentasie studierigtings van die studente*

Die meeste van die studente (21%) het aangedui dat hulle ’n ambagkwalifikasie by Sol-Tech onderneem het. Die tweede meeste van die studente het by die Universiteit van Pretoria of by die Noordwes-Universiteit studeer (beide ongeveer 17%) en ’n kwalifikasie in opvoedkunde (19%), ekonomiese en bestuurswetenskappe (16%), in gesondheidswetenskappe (12%) of geesteswetenskappe (9%) onderneem.





Figuur 25. Aansoek om hulp by ander instansies





Figuur 26. Hulp om ekstra onkoste te dek

Aangesien die Studiefondssentrum slegs rentevrye studielenings aan studente gee, is daar wel onkoste waarin die SFS nie voorsien nie. Studente moet dan soms elders aansoek doen om hierdie koste te dek. 23% van die studente het aangedui dat hulle by die bank ’n lening uitgeneem het. 20% van die studente het by NSFAS of by ’n universiteit vir ’n beurs aansoek gedoen, maar meestal tevergeefs – minder as 2% van die studente het hierdie beurse ontvang. Alle ander onkoste is deur familiehulp (63%), ’n banklening of deeltydse werk (beide ongeveer 30%) gedek.





Figuur 27. Die SFS aanbeveel





Figuur 28. Studielenings afbetaal

Byna al die studente (96%) sal die SFS by hulle familie of vriende wat graag wil studeer, aanbeveel. Die meerderheid van studente (65%) moet nog hulle studielening afbetaal.





Figuur 29. Betrokkenheid by die SFS




Figuur 30. Ondersteuning van die Beweging


Byna 30% van die studente het aangedui dat hulle Helpende Hand finansieel sal wil ondersteun en verder betrokke wil raak by die SFS om ander studente te help om ’n tersiêre kwalifikasie te bekom en hulle lewenskwaliteit te verbeter. Byna 20% van die studente is reeds ’n AfriForum- of Solidariteit-lid.

### 3.7 Motivering om te emigreer





Figuur 31. Belangstelling in emigrasie

Meer as die helfte van die studente (55%) sal graag eendag wil emigreer of oorweeg dit tans. 5% van die studente het reeds emigreer is of is tans in die proses. Daarenteen meen 40% van die studente dat hulle steeds in Suid-Afrika, met al sy uitdagings, wil bly.





*Figuur 32. Verandering nodig in SA*

Byna al die studente (ongeveer 97%) is van mening dat daar drastiese verandering in Suid-Afrika nodig is vir ons mense om nie elders 'n toekoms te gaan soek nie. Die meeste studente het aangedui dat daar gelykheid en regverdigheid moet geskied ten opsigte van werksgeleenthede, korrupsie moet gekortwiek word, en veiligheid van ons mense moet verseker word. Swart Ekonomiese Bemagtiging (42%), misdaad en werkloosheid (32%) en die tekort aan heropleiding ("reskilling") van ons mense se vaardighede (16%) is onder andere redes waarom so baie mense emigrasie na ander lande oorweeg.




*Figuur 33. Trekpleister om te emigreer*




*Figuur 34. Trekpleister om in SA te bly*

Die grootste motivering om te emigreer is omdat studente van mening is dat ander lande 'n toekomssekerheid vir hulle gesin kan bied, terwyl die grootste motivering vir mense om in SA te bly hulle vriende en familie is wat hulle nie wil agterlaat nie.

## 4. Samevatting

Hierdie verslag bied ʼn opsomming en verwerking van data wat ingesamel is uit ʼn aanlyn vraelys wat die SFS se afgestudeerde studente voltooi het.

Die samevatting van die resultate word in die volgende kolpunte uitgedruk:

*Die demografie van die studente*:

- Die grootste aantal deelnemers woon in Gauteng (52%) en dan in die Wes-Kaap (16%). Ongeveer 6% van die studente woon in die Noordwes Provinsie, die Vrystaat, Mpumalanga of oorsee.

- Die afgestudeerde studente is meestal (53%) vroulik, met die grootste persentasie (46%) van studente tussen die ouderdom van 20 en 25 jaar. 38% van die studente is tussen 26 en 30 jaar oud en 16% van die studente is ouer as 30 jaar.

- Dit meeste van die studente (66%) wat aan die opname deelgeneem het, is steeds ongetroud en het nog geen kinders (84%) nie. 28% van die deelnemers is getroud, waarvan 13% een of twee kinders het en 3% van die deelnemers drie of meer kinders het.

- Die meerderheid (36%) van die studente het ʼn Baccalaureusgraad na afloop van hulle studie verwerf. 20% van die studente het ʼn honneursgraad onderneem en 13% ʼn vakleerlingskap. 10% van die studente het ʼn hoër sertifikaat of diploma onderneem of is steeds besig met hulle studie.

- Die meeste van die studente woon in ʼn huis (45%) of in ʼn woonstel (31%). 15% van die studente huur ʼn woonstel op ʼn eienaar se erf en 9% van die studente woon op ʼn plaas of plot. Meer as die helfte van die studente (51%) woon saam met hulle gesin of nog saam met hulle ouers.

- Die meeste studente (85%) is bevoorreg om hulle eie voertuig te besit. Enkele studente gebruik publieke vervoer of deel ʼn voertuig (beide 3%), of maak gebruik van ʼn motorfiets, gebruik ʼn voertuig sonder ʼn voertuiglisensie of moet loop na hulle bestemming toe (2%).

- Die meeste van die studente (53%) se ouers het ook ʼn tersiêre kwalifikasie. Meer as 70% van die studente is van mening dat hulle in ʼn beter finansiële posisie is as wat hulle ouers op dieselfde

ouderdom was. Ongeveer ’n kwart van die studente (27%) meen dat hulle ouers in ’n beter finansiële posisie as hulle was.

- Die meeste van die studente (73%) is in ’n voltydse beroep. 13% van die studente is in ’n deeltydse beroep en ongeveer 7% van die studente studeer nog of soek steeds ’n werk.

*Die werksaamhede van die studente*:

- Die meeste van die studente (73%) werk tans in die studierigting waarin hulle studeer het.

- Die grootste groep deelnemers is onderwysers (26%) en ambagsmanne (24%). Die res van die beroepe wissel geweldig, maar bestaan verder meestal uit ouditeure (8%), administrasie-beamptes, bestuurders of is steeds werkloos (elkeen 6%) en dan ingenieurswese (5%), prokureurs of besigheidseienaars (beide 4%). Die res van die betrekkings is slegs enkele persone wat spesifieke beroepe beklee.

- Byna die helfte van die studente (44%) was reeds in ’n voltydse beroep en 34% van die studente het binne drie maande nadat hulle hul kwalifikasie verwerf het, ’n werk gekry.

- Die meeste van die studente (ongeveer 71%) is van mening dat hulle studie hulle gehelp het om ’n werk te kry, hulle ouers of familie trots gemaak het, asook hulle loopbane bevorder het of hulle meer selfvertroue gegee het. Ongeveer 60% van die studente het aangedui dat hulle ’n beter salaris verdien het na afloop van hulle studie en die kwalifikasie hulle waardig laat voel. Meer as die helfte van die studente (53%) het aangedui dat hulle studie hulle definitief in ’n beter finansiële posisie geplaas het, en byna ’n kwart van die studente (26%) glo dat die kwalifikasie hulle nog finansieel gaan baat.

- Die meeste studente wat voorheen skoliere of studente was of minder as R10 000 per maand verdien het (altesaam 71%), verdien na afloop van hulle studie nou tussen R10 000 en R25 000 (altesaam 70%). Verder verdien 17% van die studente nou ’n salaris van meer as R25 000, terwyl daar vroeër slegs 1% van die studente was wat hierdie salaris ontvang het.

- Die meeste van die studente het aangedui dat hulle gereageer het op ’n advertensiebetrekking (29%) vir ’n pos of hulle is deur familie/vriende (24%) vir die pos verwys. 16% van die studente

het deur 'n internskap hulle huidige betrekking gekry, en 10% het aangedui dat 'n personeelagentskap hulle vir die betrekking genader het.

- Die meeste van die studente (69%) voel gemaklik en gerus in hulle huidige werksposisie, terwyl byna 30% van die studente kommer en onsekerheid ervaar.

*Die studievelde en befondsing van die studente*:

- Die meerderheid van die deelnemers (21%) het aangedui dat hulle 'n ambagkwalifikasie by Sol-Tech onderneem het. Verder het die deelnemers aangedui dat hulle by die Universiteit van Pretoria of by die Noordwes-Universiteit (beide ongeveer 17%) 'n kwalifikasie in opvoedkunde (19%), ekonomiese en bestuurswetenskappe (16%), in gesondheidswetenskappe (12%) of geesteswetenskappe (9%) onderneem het.

- Om ander onkoste te dek, het die deelnemers aangedui dat hulle by NSFAS of by 'n universiteit (20%) vir 'n beurs aansoek gedoen het. Tog het minder as 2% van die studente dié beurse ontvang. Alle ander onkoste is deur familiehulp (63%), 'n banklening of deeltydse werk (beide ongeveer 30%) gedek.

*Die verbintenis met die SFS of Helpende Hand*:

- Byna al die studente (96%) sal die SFS by hulle familie of vriende wat graag wil studeer, aanbeveel. Die meerderheid van studente (65%) moet nog hulle studielening afbetaal.

- Byna 30% van die studente het aangedui dat hulle Helpende Hand finansieel sal wil ondersteun en verder betrokke wil raak by die SFS om ander studente te help om 'n tersiêre kwalifikasie te bekom en hulle lewenskwaliteit te verbeter.

*Die motivering om te emigreer of in SA te bly:*

- Meer as die helfte van die studente (55%) sal graag eendag wil emigreer of oorweeg dit tans. 5% van die studente het reeds emigreer of is tans in die proses. Daarenteen meen 40% van die studente dat hulle steeds in Suid-Afrika, met al sy uitdagings, wil bly.

- Byna al die studente (ongeveer 97%) is van mening dat daar drastiese verandering in Suid-Afrika nodig is vir ons mense om nie elders 'n toekoms te gaan soek nie. Die meeste studente het aangedui dat daar gelykheid en regverdigheid moet geskied ten opsigte van werksgeleenthede,

korrupsie moet gekortwiek word en die veiligheid van ons mense moet verseker word. Swart Ekonomiese Bemagtiging (42%), misdaad en werkloosheid (32%) en die tekort aan heropleiding ("reskilling") van ons mense se vaardighede (16%) is onder andere redes waarom so baie mense emigrasie na ander lande sterk oorweeg.

- Die grootste motivering om te emigreer is omdat studente van mening is dat ander lande 'n toekomssekerheid (45%) vir hulle gesin kan bied, terwyl die grootste motivering vir mense om in SA te bly hulle vriende en familie is (70%) wat hulle nie wil agterlaat nie.

Die resultate van hierdie verslag kan uiters doeltreffend aangewend word om aan ons goedgunstige donateurs insig in hulle investering te gee en om ons strategie uit te brei om nog meer studente in Suid-Afrika te help om 'n tersiêre kwalifikasie te bekom.